## Jesus Christus die Waarheid - Geloofsekerheid aanbieding:

- **Inleiding**
    - Begin die gesprek deur mense te vra of hulle al die ervaring gehad het dat hulle dood sou gaan, of 'n noue ontkoming gehad het. Om te deel wat hulle ervaar en gedink het toe so iets drasties in hulle lewe gebeur het. Toon belangstelling en empatie met die ervaring. Deel nou jou eie sekerheidsgetuienis van waar jy tot die besef gekom het dat jy kan sterwe en dat jy sekerheid oor die ewige lewe gekry het. Jy getuig dan ook dat jy in die Skrif die sekerheid gekry het dat jy kan seker wees dat God bestaan en dat jy hemel toe sal gaan wanneer jy sterf. Jy wil graag dit met die persoon/gehoor deel wat jy in die Skrif geleer het.

- **Die Woord is waar - dus God bestaan.**
    - Jy gaan nou die grootste Wonderwerk op aarde vanuit die Skrif deel, en dit is Christus. Gebruik 'n voorbeeld soos byvoorbeeld die boom. Indien 'n groot boom homself uit die grond uit ontwortel, oor die pad stap en homself aan die anderkant weer plant, wat sal ons gevolgtrekking wees? Daar moes bonatuurlike ingryping gewees het. Dit was 'n wonderwerk. Deel nou dat daar nog 'n groter Wonderwerk op aarde plaasgevind het en jy dit vir hulle wil wys. Begin dan deur van die Ou Testamentiese profesieë te lees. Indien dit in 'n lokaal met 'n dataprojektor is, vertoon die Bybel op die skerm en lees dit saam met die gehoor. Die Heilige Gees sal self vir die persoon wys dat God bestaan deurdat hy/sy dit self vanuit die Skrif sien.

      Begin deur byvoorbeeld gedeeltes vanuit Psalm 22 te lees sonder om eers te sê waaruit jy lees. Psalm 22 is duidelik gebeure rondom die kruis van Christus. Deel nou die kruis gebeure vanuit die Nuwe Testament en bevestig dat dit dieselfde gebeurtenis is wat beskryf word. Dit kan maklik gedoen word omdat die detail geen twyfel laat nie. Die verrassingselement kom nou in wanneer jy deel dat jy uit Psalm 22 gelees het en dat dit ongeveer 1000-jaar voor Christus deur Dawid geskryf is.

        - Psalm 22:
          Spot - Matteus 27:28-31; (Psalm 22:7-8) - 1000 vC
          Woorde - Matteus 27:46 (Psalm 22:2) - 1000 vC
          Spot, werp die lot - Matteus 27:35 (Psalm 22:16-19) - 1000 vC

Gaan dan voort deur te sê dat daar meer as 360 Messiaanse profesieë in die Ou Testament is. Jy wil graag vir hulle nog 'n paar wys.

Voorbeelde van Skrif wat gebruik kan word:

- Psalm 69:
  Asyn en gal - Matteus 27:34 (Psalm 69:22) - 1000 vC

  Interessante detail:
  Baard uitpluk - (Jesaja 50:6) - 750 vC

- (Judas)
  Die Sagaria 11:12 profesie is 'n indrukwekkende profesie wat die verraad teen Christus en gebeure daarna duidelik beskryf.

    - 30 silwer, Tempel gooi, Pottebakker - Matteus 27:3-8 (Sagaria 11:12)
    - Hakskeen lig - Johannes 13:18 (Psalm 41:10)

- Uit die stam van Juda
    - Sem (Shem) voorvader van die Hebreërs - Die naam Sem verwys na 'n spesifieke tipe persoon (Genesis 9:26)
    - Silo, wat verwys na vrede - Genesis 49:10-11; Openbaring 5:5; (Vredevors, Koning, donkie en wingerdstok verwys na oorvloed- profeties millennium, Leeu van die stam van Juda) Sien ook Silo waar die Tabernakel gestaan het (Immanuel) in Josua 18
    - Betlehem uit die stam van Juda - Matteus 2:1 (Miga 5:1; Jesaja 9:5-6; Jesaja 11:1-2; Sagaria 9:13)

- Die Lam van God, bene nie gebreek nie
    - Johannes 19:33-36 (Eksodus 12:46; Psalm 34:20)
    - Uitgeken deur Johannes die Doper - Johannes 1:29 (Maleagi 3:1a)

- God by ons
    - Menslike wese en ewige Koningskap, met ander woorde, God self - (Daniël 7:13-14)
    - Immanuel (God met ons) - Matteus 1:23 (Jesaja 7:14)
    - Jesus was God op aarde - profetiese realiteit - Jesaja 9:5-6 en Johannes 10:30; 8:52-58.
    - Jesus gebruik dieselfde Naam vir Homself as God: ” Ek Is “, Ou Testament en Nuwe Testament - Johannes 6:20, Johannes 8:58 (Eksodus 3:14)

- Die Hoeksteen
    - Matteus 21:42; 1 Petrus 2:6-8 (Psalm 118:22; Jesaja 28:16)

- **Die Woord van God**

[Baie mense sukkel om die konsep dat Christus die Woord van God is, te verstaan. Hulle verstaan ook nie die Drie-Eenheid van God nie. Ander gelowe beweer selfs dat Christene meer as een God (politeïsme) dien. 'n Mens kan logies nie die Almagtige, bo-natuurlike God verklaar nie. Net so kan 'n hond my nie verklaar nie. Sy verstand is nie so ontwikkel om dit te doen nie. Hy beskik nie oor die verwysingsraamwerk om dit te doen nie. Die mens kan egter God leer ken deur Sy Woord. Mense dink soms ook dat 'n profeet iemand is wat die toekoms voorspel. Dit is nie die hoofeienskap van 'n profeet nie. 'n Profeet hoor by God en dra dit wat hy hoor, aan die mense oor. Dit mag soms toekomstige dinge insluit.]

Verduidelik nou dat 'n profeet iemand is wat by God hoor en dit wat hy hoor, verwoord. Dui daarop dat Christus niks anders gepraat het as die Vader nie. Hy is dus Een met God die Vader. Hy is dus die Woord van God en praat steeds vandag met ons deur die Heilige Gees. Dit is dus een God wat met ons praat. Dit kan nou goed met die volgende Skrifverwysings geïllustreer word:

- God openbaar aan Moses dat Hy deur Christus met die mens gaanpraat. Die Messias gaan kom, uit dieselfde volk as Moses - Deuteronomium 18:18.
- Jesus Christus bevestig dat Hy slegs verwoord wat Hy by die Vader hoor - Johannes 12:49; Johannes 5:19;
- Die Heilige Gees is steeds die Woord van God wat met ons besig - Johannes 16:13-15

Wys nou daarop dat 'n mens nou beter kan verstaan wat in Johannes 1:1-3 gesê word.

- **Die Dooi See Rolle**

[Baie beweer dat die Bybel deur die jare verander het en dus nie meer geglo kan word nie. Die Ou Testamentiese profesieë wat jy sopas uitgewys het, is beslis voor Christus geskryf en nie na die tyd gefabriseer nie. Die Dooi See Rolle kan as stawing hiervan gebruik word.]

Jy kan nou daarop wys dat die Bybel outentiek is deur te vertel van die Dooi See Rolle:

Die Dooi See Rolle is deur ‘n skaapwagter in 1947 ontdek in ‘n grot naby Qumran by die Dooi See. Die skaapwagter het ‘n paar kleipotte gekry waarin manuskripte gebêre was geskryf op perkamente. Ongeveer 270 grotte is in die omgewing deursoek en tien van hulle het nog manuskripte opgelewer. Meer as 40,000 fragmente is gekry van 500 verskillende boeke en geskrifte. Tussen hierdie boeke, elke boek van die Ou Testament is aangetref behalwe die boek Ester. Hierdie manuskripte dateer van die derde eeu voor Christus (‘n gedeelte van Samuel) tot die eerste eeu na Christus. Vergelyking tussen hierdie manuskripte en die wat reeds beskikbaar was, het gewys dat dit meer as 95% ooreengestem het. Die 5% wat verskil het, was slegs spelfoute en kopiërings foute. Die bietjie verskille wat daar was, het geen verandering in die boodskap van die teks self veroorsaak nie.

- **Die Verbond en Melgisedek**

  Wys nou daarop dat die verhouding, en ewige lewe, is van die mens ontneem as gevolg van sy ongehoorsaamheid aan God in die Paradys. God het met Abraham 'n verbond aangegaan om versoening tussen Homself en die mens mee te bring. Jy kan noem dat 'n mens daarvan lees in Genesis 3 (ongehoorsaamheid) en 15 (Verbond).

  God het gebruik gemaak van die gebruike van 'n verbond van daardie tyd om die verbond met Abraham aan te gaan. Ons kan ook sê dat God die mens hiervoor voorberei het deur gebruike te vestig ter voorbereiding van die Goddelike verbond. Liggame van diere is in twee gesny een teenoor mekaar geplaas. Die partye wat die verbond aangaan het, het dan tussen die karkasse deurbeweeg, deur die bloed. Hulle het dus die pad van die dood gestap. Laasgenoemde is gedoen om daarop te wys wat met dié party sal gebeur wat die verbond voorwaardes verbreek. Hy moet gedood word. Die mens het egter die verbond verbreek (Eksodus 32). Omdat die mens die verbond verbreek het, moet die mens gedood word. Jesus Christus het as mens gekom

en namens die mens gesterf aan die kruis om die verbond voorwaardes na te kom as die volmaakte Lam van God sonder gebrek.

[Mense verwys soms na die sogenaamde "goue lyn" wat deur alle gelowe is. Hulle beweer dat alle gelowe die mens dus tot saligheid bring en dat God Hom deur ander gelowe ook geopenbaar het.]

Wys nou daarop dat daar slegs een Goddelike standaard vir regverdigheid en versoening op aarde is. Dit is die Goddelike Priesterorde van Melgisedek. Dit is die enigste "Goue Lyn".

Die Offer Christus was nie 'n menslike offer soos wat die Levitiese, aardse, priesters jaar-na-jaar geoffer het nie. Christus het gedien as die Hoëpriester volgens 'n Goddelike Priesterorde, Melgisedek. Christus se Goddelike offer was eenmaal volmaak om ewig versoening te bewerkstellig tussen God en die gelowige (Hebreërs 9).

Die naam Melgisedek beteken "Regverdige Koning" en hy was 'n priester van dieselfde God wat Abraham gedien het. Melgisedek was priester-koning oor die antieke Jerusalem. Hy was Abraham se meerdere en het Abraham geseën en Abraham het aan hom tiendes betaal.


Wys nou Melgisedek uit die Skrif.

- Melgisedek en Abraham - Hebreërs 7:1-4 (Genesis 14:18-20)
- Christus is Hoëpriester volgens die Priesterorde van Melgisedek en het ewige versoening bewerkstellig - Hebreërs 4:14 - 5:10 (Psalm 110:4)

- **Die Tabernakel en later die Tempel**

  [God is heilig (Levitikus 19:2) en Sy teenwoordigheid by die mens is 'n heilige realiteit (Deuteronomium 23:14). Dit is heilig omdat Hy die Opperwese is (Openbaring 22:13). Die hele skepping sug na verlossing (Romeine 8:18-23). God het van die begin af redding vir die mens en versoening met Homself bewerkstellig(Johannes 17:5) en dit so gedoen dat die mens Hom kan ken. Die Heilige God wat die mens nie kan sien nie, het Sy Woord sigbaar laat word deur Sy Seun, Jesus Christus (Johannes 1:14). 'n Mens kan hierdie Verlossing van die vroegste tye al duidelik waarneem in die Skrif. 'n Goeie voorbeeld is die uitleg van die Tabernakel wat ook later die uitleg van die Tempel in Jerusalem geword het.]

    - Wys nou 'n voorbeeld van die uitleg van die Tabernakel soos God opdrag aan Moses gegee het (Eksodus 25-27) om op te rig. Later was die uitleg van die Tempel in Jerusalem dieselfde. Wys nou die Messiaanse realiteit in hierdie uitleg soos wat 'n mens in die Tabernakel sou inbeweeg:




*Voorstelling van die Tabernakel*

1 = Die Hek
2 = Die Brons brandofferaltaar
3 = Die Bronswaskom
4 = Die Toonbrode tafel
5 = Die Goue Kandelaar (Menorah)
6 = Die Wierookaltaar
7 = Die Voorhangsel
8 = Die Verbondsark
9 = Die Allerheiligste
10 = Die Heiligdom
11 = Die Voorhof
12 = Een van 60 pilare

1. Die Hek - Daar is slegs een ingang en het na die Ooste kyk, die rigting van waaruit die son opkom, die lig - Christus is die enigste weg (ingang) na die Vader (Johannes 10:9; 14:6) en Hy is die Lig vir die wêreld (Johannes 9:5). Die oostelike ingang gereserveer vir God (Esegiël 44:1-2; Matteus 24:27)
2. Die Brandofferaltaar - Hier is die offerdiere geslag en aan God geoffer - Christus se liggaam is vir ons verbrysel (Jesaja 53:5)
3. Die Waskom - Die priesters het hulleself hier gewas (Eksodus 40:32) voordat daar in die Heiligdom inbeweeg is - Christus se kruisdood het ons sondes afgewas (Johannes 13:9-10)

   Nou beweeg ons in die Heilige in en daar word die volgende aangetref:

4. Die Toonbrode Tafel - Hier is twaalf brode geplaas elkeen verteenwoordigend van die stamme van Israel - Christus is die Brood van die Ewige Lewe, Hy Is die Lewe (Johannes 6:35; 1 Johannes 5:20)
5. Die Goue Kandelaar (Menora) - Hierdie kandelaar was die enigste lig in die vertrek - Christus is die Lig vir die wêreld (Johannes 9:5)
6. Die Wierookaltaar - Hier is wierook gebrand - Die gebede van die gelowiges wat na God opgaan (Openbaring 8:3-4)

7. Die Voorhangsel - Dit was die skeiding tussen die Heiligdom en die Allerheiligste. Eenkeer per jaar, met tydens die Groot Versoendag, het die hoëpriester hierdeur beweeg in die Allerheiligste in om versoening te doen vir sy eie, en die volk se sonde - Toe Christus sterf aan die kruis het die voorhangsel in die Tempel in twee geskeur. Christus se kruisdood het toegang vir die gelowige gegee tot die Vader (Matteus 27:51)

   Nou beweeg ons in die Allerheiligste in:

8. Die Verbondsark - Dit het in die Allerheiligste gestaan en die twee kliptafels waarop die Tien Gebooie deur die Here geskryf is, is daarin geplaas. Dit is die kliptafels wat Moses op die berg Sinai van die Here ontvang het. Die deksel van die Verbondsark het bekend gestaan as die Versoendeksel waarop twee goue gerubs aangebring is. Die gerubs se vlerke het na mekaar gewys en het die ark beskerm. Hulle aangesigte is gerig na die Versoendeksel en laasgenoemde het God se teenwoodigheid, en die plek vanwaar Hy praat (Sy Woord), verteenwoordig (Eksodus 25:21-22).
9. Die Allerheiligste - Christus het die Hemelse Allerheiligste eenmaal inbeweeg om ewige versoening te bewerkstellig. Nie soos 'n menslike, Levitiese priester, wat jaarliks oor-en-oor moet offer nie, maar het eenmaal volmaak versoening bewerkstellig (Hebreërs 9:11-12).

   Wys daarop dat mense sal wil beweer dat jy Christus in die Tabernakel wil "in bou". Die waarheid is egter dat jy Christus nie daaruit kan haal nie.

- **Die Feeste van die Here**

[Die Here het die Feeste in die Ou Testament ingestel toe die Israeliete van slawerny uit Egipte verlos is. Die Feeste is jaarliks op spesifieke datums, tematies, gevier. Dit het dus historiese konteks, bevat 'n sterk boodskap en gee Goddelike toekomsperspektief en hoop in Christus.]

Deel nou die Messiaanse realiteit in die Feeste van die Here:

| **Lentefeeste**<br>**Reeds volbring deur Jesus Christus en bevestig Hom as die Messias** | |
|---|---|
| **Paasfees** (Nisan 14) (Levitikus 23:5)<br>Die volmaakte lam se bloed is in Egipte, tydens die tiende plaag aan die deurkosyne gesmeer sodat die Engel van die Dood verby sal gaan (Pass over them). Die instelling van Paasfees was om hierdie gebeurtenis elke jaar te herdenk. Die lam se bloed het ingestaan vir die gelowiges. | Jesus Christus het gearriveer op 'n donkie op Nisan 9, soos ook profeties voorspel in Sagaria 9:9. Hy word gevange geneem en na beide Herodus en Pontius Pilatus geneem wie verklaar het dat hulle geen fout in Hom vind nie. Op Paasfees (Nisan 14) sterf Hy aan die kruis op dieselfde uur wat die paaslam geslag is elke jaar.<br><br>Jesus Christus (die Messias, die Gekruisigde) het aan die kruis gesterf, |

| | |
|---|---|
| Elke jaar as die pelgrims in Jerusalem aankom op ongeveer Nisan 9 om Paasfees te vier, moes hulle 'n lam na die priesters neem sodat die lam as sonder gebrek verklaar kan word. Die lam is dan drie-uur die middag, op Nisan 14 geslag. | volgens die Geskrifte (1 Korintiërs 15:3-4). Laasgenoemde sodat ons kan glo dat Hy die Seun van God is (Psalm 2:7) wat ewige versoening bewerkstellig het tussen God en die gelowige (Romeine 3:21-25). |
| **Fees van ongesuurde brood** (Nisan 15-21) (Levitikus 23:6-8)<br>Vir sewe dae moes alle suurdeeg uit hulle huise verwyder word. | Suurdeeg, wat fermentering (gisting) veroorsaak, maak dat brood se deeg rys, dit deurtrek die brood. In die Skrif word suurdeeg na verwys as sonde in die mens se lewe (Matteus 16:6; 1 Korintiërs 5:6-8). Jesus Christus se kruisdood dwing die mens tot verantwoording, om van sonde afstand te doen en Christus na te streef (1 Johannes 5:18). |
| **Fees van Eerste Vrugte** (Nisan 17) (Levitikus 23:9-14)<br>Drie dae na Paasfees, moes hulle die eerste gerf graan na die priester bring om as beweegoffer aan die Here aan te bied. | Jesus Christus staan uit die dood op die oggend van die Fees van Eerste Vrugte. Hy het uit die graf uit beweeg. Hy is die Eerste Vrugte na die Ewige Lewe. |
| **Fees van weke** (Sivan 6) (Levitikus 23:15-22)<br>Hierdie fees is sewe weke (50-ste dag) na die Fees van Eerste Vrugte gevier.<br>Dit is die herdenking van die dag toe die Israeliete die wet van die Here ontvang het by die berg Sinai. Dit is hier waar die volk Israel gebore is, waar die Here Hom aan hulle geopenbaar het. | Op hierdie selfde dag (Pinkster, wat 50-ste beteken) word Heilige Gees op die apostels uitgestort en die Kerk word gebore.<br>Jesus Christus is Immanuel (God met ons, Jesaja 7:14) vir die gelowe steeds vandag – Die Heilige Gees gee krag (Handelinge 1:8) om te onderrig verandering te bring in die gelowige se lewe. Hy rus die gelowige toe om Sy Woord te verkondig aan alle nasies (Matteus 28:19-20). |

Besin oor die feit dat Christus die Lentefeeste volmaak, en sonder twyfel, volbring het. Vestig nou die aandag daarop dat die Hersfeeste nog nie volbring is nie. Vra nou die vraag: "Indien Christus dan die Lentefeeste volmaak volbring het, wat is die kans dat Hy die Herfsfeeste ook volmaak gaan volbring? Die kans is 100%! Hy kom weer!

| **Hersfeeste - Profeties**<br>**Spreek ons tematies aan om voor te berei en die wederkoms van die Messias te verwag** | |
|---|---|
| **Fees van trompette** (Tishri 1) (Levitikus 23:24)<br>**Wie is te verwagte? - Die Koning en Skepper van die heelal**<br>Die Fees van Trompette is die viering van die Joodse Nuwe Jaar en is in die begin van die maand Tishri gevier (stem ooreen met September tot Oktober). Dit word ook deur beide Jode en Christene | Die blaas van die trompette is 'n teken van die wederkoms van Christus en ook 'n herdenking van die Here se genade tot Abraham toe Hy 'n lam voorsien het om, in die plek van Isak, deur Abraham geoffer te word (Genesis 22, meer as 1250v.C.). Isak is 'n prototipe van Christus. Net soos Abraham sy seun moes offer op die altaar, |

| | |
|---|---|
| beskou as ‘n herdenking van die skepping van die wêreld toe die môresterre saam gejubel en die seuns van God gejuig het (Job 38:7). Dit is ‘n dag waartydens die gawes van die Here herdenk word en die Here se seën vir die nuwe jaar voor gebid word.<br>Trompette is gebruik as tekens van oorlog. Jesus is die bevelvoerder van die Here se weermag. Hy het die eerste-keer gekom om die werk van die Satan te verslaan asook die sondes in die hart van mense. Hy gaan weer kom as Koning en Heerser.<br>Die vorige maand, Elul, is die maand van voorbereiding net soos Vrydag ‘n dag van voorbereiding is vir die Sabbat op Saterdag. Hierdie tydperk is ‘n tyd van oordenking en bepeinsing om dinge reg te maak en ons verhouding met die Here in orde te kry | so het die Here Sy Seun geoffer op die altaar Golgota.<br>Kolossense 2:15: “*Hy het elke mag en gesag ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer.*”<br>Die Fees van Trompette is ‘n baie besondere tyd vir die Christen. Ons geloof in Jesus Christus lei tot ‘n berouvolle hart ten opsigte van ons sondes. Ons moet die Vader om vergifnis vra vir ons sondes. Die Vader vergewe Sy kinders. Hierdie versoening en vergifnis is moontlik gemaak deur die kruisdood van Jesus Christus.<br>Kyk na Jesus se profesie oor die wederkoms, Matteus 24:30-31: *“[30]Dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemelruim verskyn, en al die volke van die aarde sal verslae wees. Hulle sal die Seun van die mens op die wolke van die hemel sien kom met groot krag en majesteit. [31]Die groot trompet sal weerklink, en Hy sal sy engele uitstuur om sy uitverkorenes bymekaar te maak uit die vier windstreke, van elke uithoek van die aarde af.*”<br>Sagaria 9:14: *“Die Here sal bokant Sy volk verskyn, sy pyl sal soos weerlig uitskiet. Die Here God sal die ramshoring blaas, Hy sal kom in die storms uit die suide.”* |
| **Die Versoendag** (Tishri 10) (Levitikus 23:27-28)<br>**Wees voorbereid en verwag Hom!**<br><br>Die Versoendag is ‘n herinnering dat die brandoffers wat daagliks, weekliks en maandeliks geoffer is, nie voldoende was tot verlossing van sondes nie. Selfs by die altaar het die aanbidder vêr-weg gestaan van die Allerheiligste (in die Tabernakel en later die Tempel) wat die teenwoordigheid van die Here verteenwoordig het. Op hierdie dag is versoeningsbloed van die offerdier in die Allerheiligste ingebring deur die hoëpriester as verteenwoordiger van die volk. | Ons Goddelike Hoëpriester, Jesus Christus, het ewige versoening vir my moontlik gemaak met die Vader. Ek kan glo in die krag van God wat Hom opgewek het. Deur die Heilige Gees spreek dit my profeties sterk aan om uit te sien na Sy wederkoms. Die gelowige sien uit en verwag Hom om weer te kom.<br>Hy bring saligheid vir die wat Hom verwag (Jesaja 25:9; Hebreërs 9:28). |
| **Huttefees** (Fees van tabernakels) (Tishri 15) (Levitikus 23:33-34)<br>**Die Wederkoms 'n realiteit!**<br>Hy gaan kom om by ons te tabernakel, Immanuel | Ons nageslag moet weet dat die Here die verlosser is (Lev 23:43). Ons sien uit na, en verkondig (profeteer) die wederkoms van die Messias wat by ons gaan kom tabernakel. |

- **Kies die Lewe!**

[Die mens se sondige natuur wil dit hê dat hy nie van God afhanklik is nie. Die mens raak sy eie god wat self wil besluit wat reg of verkeerd is. Hy verwerp God en sodoende laat God hom oor aan die leuen. Hy is verlore! Die mens besef nie dat hy nie vir homself die ewige lewe kan gee nie. So kan geen ander god as die God van Abraham, Isak en Jakob jou die Ewige Lewe gee nie.]

Wys nou daarop dat die wyse ding om te doen, is om aftand te doen van jouself, en die Lewe te kies. Christus is die Lewe - Deuteronomium 30:19; (1 Johannes 5:20)

- **Afsluiting**

Skrif wat ter afsluiting gebruik kan word:

1 Johannes 5:20: *"En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die ware God te ken; en ons is in die ware God, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die ware God en die ewige lewe."*

Psalm 94:12-13a: *"[12]Dit gaan goed met die mens wat deur U opgevoed word, Here, vir wie U onderrig in U woord [13a]en vir wie U rus gee na tye van teëspoed."*

Lukas 24:44-45: *"[44]Daarna sê Hy vir hulle: 'Dit is die betekenis van die woorde wat Ek vir julle gesê het toe Ek nog by julle was, naamlik dat alles vervul moet word wat in die wet van Moses en in die profete en psalms oor My geskrywe is.' [45]Toe open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan."*

Jeremia 24:7: *"Ek sal hulle die insig gee om My te ken. Ek is die Here! Hulle sal My volk wees, en Ek sal hulle God wees, want hulle sal heelhartig na My toe terugkom."*

Titus 2:11-13: *"[11]Die genade van God wat verlossing bring, het aan alle mense verskyn. [12]Dit voed ons op om die goddelose lewenswyse en wêreldse begeerlikhede te laat vaar en met selfbeheersing, opregtheid en godsvrug in die teenswoordige wêreld te lewe, [13]terwyl ons uitsien na die gelukkige dag wat ons verwag. Op daardie dag sal die heerlikheid van ons grote God en Verlosser, Jesus Christus verskyn."*

Van wie anders het God gesê soos in Matteus 3:17 ?: *"En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het."*

Johannes 6:47: *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo, het die ewige lewe."*

Seënwense

Harry van Huyssteen
harryvh@matthew28.co.za
082 654 6736
www.matthew28.co.za